1. **Gedagte vir die dag: Bron van vreugde**

Gedagte vir die dag: Die hede en verlede

“Skep vir my ’n rein hart, o God. Gee my ’n nuwe, standvastige gees.” (Psalm 51:12)

Skrifgedeelte
Psalm 51:12

Oordenking
Daar was ’n tyd in my lewe toe ek gedink het ek moet ander mense beïndruk. Nie meer nie. As ’n volgeling van Jesus wil ek niemand meer beïndruk nie, maar indrukwekkende verhale van God deel.

Ek het gedink ek het alles onder beheer. Maar as ’n volgeling van Jesus het ek alle beheer aan God oorgegee.

Ek het dit altyd geniet om iets te kry. Maar as ’n volgeling van Jesus vind ek nou meer vreugde daarin om te gee as om te ontvang.

Op ’n tyd het min dinge my beïndruk. Maar as ’n volgeling van Jesus sien ek elke dag die skoonheid van sy skepping raak.

Op ’n tyd het ek oor God gepraat. Maar as ’n volgeling van Jesus praat ek nou met God.

Op ’n tyd het komplekse teologiese idees my gefassineer. Maar as ’n volgeling van Jesus is ek nou opgewonde daaroor om in sy voetspore te volg.

Op ’n tyd moes mense na my luister. Maar as ’n volgeling van Jesus luister ek nou na ander.

2. **Gedagte vir die dag: Wees die verskil**

“Wees waaksaam! Staan vas in wat julle glo! Wees moedig! Wees sterk! Alles wat julle doen, moet in liefde geskied.” (1 Korintiërs 16:13-14)

Skrifgedeelte
1 Korintiërs 16:13-14 (NLV)

Oordenking
Verbeel ek my, of is mense vandag baie selfsugtig? Om nie eens te praat van haat, agterdog en vrees nie. Het wêreldse hoofopskrifte nou ook Christene se hoofopskrifte geword? Volg ons die voorbeeld van die Fariseërs wat net goeie dinge sal doen vir dié

wat goeie dinge aan ons doen en om ons vyande te haat? Volg ons Jesus solank dit vir ons gerieflik is?

Ons moet hierdie bose kringloop verbreek. Ons moet Romeine 12 se raad toepas deur goedheid aan ons vyande te bewys. Ons moet woede met goedheid beantwoord. Kom ons bid dat die Here ons sal leer wat dit beteken om Hom te volg. God se pad is nie net die pad kerk toe op 'n Sondag nie. Kom ons laat die Heilige Gees toe om ons vry te maak van haat en agterdog.

Probeer om ten minste een persoon se lewe vandag beter te maak, met 'n teksboodskap, 'n oproep of dalk 'n vinnige besoek. Dan sal ons eie beker oorloop. Laat Jesus se liefde toe om soos lewende water deur jou te vloei. Ons kan in Jesus se Naam vrykom van selfsug.

3. **Gedagte vir die dag: Jy kan verander**

"Ons word al hoe meer verander om soos die Here te lyk, met 'n heerlikheid wat steeds toeneem namate die Here, dit is die Gees, dit aan ons gee." (2 Korinthiërs 3:18)

Skrifgedeelte
2 Korinthiërs 3:18 (*NLV*)

Oordenking
"Jy moet my maar net aanvaar soos ek is," het 'n moeilike gemeentelid eenkeer vir my gesê. "Ek is soos ek is en dit gaan nie verander nie." "Nee," het ek geantwoord, "jy is verkeerd."

Hier in 2 Korintiërs 3:18 lees ons dat God se Gees ons verander om al hoe meer soos Christus te word. Ons is beslis nie lewenslange slagoffers van onsself, ons opvoeding of ons omstandighede nie. Ons kan nie ons lewe lank maar net bly soos ons is nie. Christus gee vir ons die genade én die voorreg om te verander en te groei.

Te veel mense ly aan die "Ek kan nie verander nie"-sindroom. Dit is waarom mense nog steeds vooroordele teenoor mekaar koester, ten spyte van hulle "diep Christelikheid". Gebeur dit omdat mense dink hulle het die reg om te dink soos hulle nog altyd gedink het? Gebeur dit omdat ons in die kerk hoofsaaklik oor geloof en sonde praat en die vraag vermy oor hoe om kulturele en rassegrense oor te steek? Of is ons dalk self slegte voorbeelde van ware transformasie in ons omgewing? Ons kan verander. Nee. God kan ons verander … en Hy sal.

4. **ToekomsVenster: Die dimensies van die kruis**

“Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.” – Johannes 13:35 (*AFR53*)

Ons hou ’n diens op Goeie Vrydag vir die kinders en gemeenskap van Appelpark, ’n minder gegoede omgewing in Krugersdorp.

Minder gegoed beteken nie dat die mense nie waarde het nie. Inteendeel. Dit beteken nie dat hulle nie betekenis tot die lewe toevoeg nie. Dit beteken net dat hulle veral finansieel swaar trek en ondersteuning vanuit die gemeenskap waardeer.

ToekomsVenster, ons bediening, het twee parke gebou vir die kinders wat andersyds op die strate aangewese sou wees. Die terrein het nou ’n bymekaarkomplek vir die hele gemeenskap geraak en allerlei aktiwiteite word daar aangebied. Onder andere is daar kinderdienste op Sondae en dit word aangevul met ’n eetdingetjie en lekkerny. Sowat 130 mense tree Sondae aan, dalk meer vir die versnapering, maar ons doen moeite om die Boodskap by hulle uit te bring.

Goeie Vrydag was weer so ’n geleentheid. Ons laat sny 200 riete wat as kruise kan dien. Uiteraard moet die riete, klein en kort genoeg wees dat selfs die kleinste outjies dit kan hanteer. Dis die dat ek Google gaan vra wat die dimensies van ’n kruis is.

Die dwarslat is glo die helfte van die lang een en dit word ongeveer ’n kwart van bo af aangebring. Ek moet nog dink hoe ek die goed aanmekaar gaan kry, maar dit daar gelaat.

Inderdaad, die dimensie van die kruis. Vertikaal en horisontaal. God en mens en mens en mens. Die een voorwaarde, die ander gevolg. Die een kan nie sonder die ander nie. Jy kan nie sê dat jy die Here liefhet maar onversoend met jou naaste leef nie. Jy kan nie verbitterd en onvergewensgesind bly leef as jy die vergifnis van Jesus wil ervaar nie.

Die kinders neem hartlik deel. Ek verduidelik so goed ek kan. Jesus het jou lief sodat jy die maatjie langs jou kan liefhê. Dit werk nie anders nie. Die een is voorwaarde, die ander die noodwendige gevolg.

Die maatjies is verteenwoordigend van Suid-Afrikaanse realiteite en hulle vat mekaar se handjies en sing: “Ek aanvaar jou met die liefde van ons Heer”.

5. **Gedagte vir die dag: Die lewe in hoofletters**

“Leef ’n lewe van liefde soos ook Christus ons liefgehad het deur Homself vir ons oor te gee as ’n lieflike reukoffer aan God.” (Efesiërs 5:2)

Skrifgedeelte
Efesiërs 5:2 (*NLV*)

Oordenking
Wat Paulus hier sê, is dat alles wat ons doen en sê moet wees om God te verheerlik. God se Naam moet in hoofletters gesien kan word in ons hele lewe. God se Naam moet as’t ware soos ’n advertensiebord oor ons hele lewe flikker en sy eer en heerlikheid vir almal ten toon stel.

Hoe leef jy jou lewe in hoofletters? Wel, al wat jy moet doen, is om God elke dag die Eregas van jou lewe te maak. Maak seker Hy is die Eregas in elke gesprek wat jy het. Dan sal jy jou woorde versigtig kies en seker maak hulle is opbouend en inspirerend. Maak seker die Here is ’n getuie van alles wat jy doen. Dan sal jy jou werk tot sy eer doen en nie net vir jou baas of maatskappy nie. Alles wat jy doen, sal wees om Hom in die wêreld te verheerlik en jou lig sal vir Hom skyn in alles wat jy doen.

6. **ToekomsVenster: Daardie halwe sny brood**

“‘Gee julle vir hulle iets om te eet,’ sê Hy toe vir hulle.” – Lukas 9:13 (*AFR83*)

Dit is so ontstellend om te hoor dat mense in Suid-Afrika honger gaan slaap. Veral wanneer kinders betrokke is, breek ’n mens se hart.

Daar is verskillende berigte wat oor hierdie tema geskryf word. Dit blyk dat een uit tien kinders honger gaan slaap.

Nie net kinders nie, maar ook bejaardes sukkel om te oorleef.

Uiteraard is daar baie bydraende faktore. Dat ons in ’n konteks woon waar die politieke wil ontbreek, is inderdaad só. Werkloosheid en armoede eis sy tol. Ja, die wêreld sukkel met dieselfde uitdagings.

’n Mens voel so onmagtig om iets aan die toedrag van sake te doen.

Dan verskyn ’n berig soos die verslag van die Verenigde Nasies. Soveel as een miljard etes per dag word vermors en weggegooi. Terwyl 800 miljoen mense wêreldwyd honger ly, word duisend miljard doller se voedsel jaarliks weggegooi. ’n Vyfde van alle vars produkte word op stortingsterrein gestort.

'n Mens redeneer so dikwels dat jy as individu en mens nie veel kan doen nie. Geld is skaars en dit geld seker in die meeste huishoudings in Suid-Afrika.

Ons staan egter skuldig, (ek veralgemeen), dat ons ook kos wat deur iemand geniet kon word, weggooi.

Dalk is die moeite om dit na iemand te neem net te groot?

Dalk dink ons behoeftiges sal aanstoot neem?

Dis egter nie so as ek na die baie mense kyk wat asdromme deursoek vir 'n toebroodjie wat nie klaar geëet is nie of 'n stukkie hoender wat oorgebly het as deel van die wegneemetes by 'n kitskosrestaurant.

Ek wil nie prekerig raak nie, maar ek kan help om te vra of ons meer kan doen?

Kom ons bedink kreatiewe maniere waarop ons voedsel wat nog bruikbaar is, vries en later in 'n ete verpak, al is dit net een porsie op 'n slag.

Dit verg net 'n bietjie opoffering en moeite.

Net 'n bietjie bewustheid en 'n groot dosis dankbaarheid daarmee saam dat God ons daagliks so getrou onderhou.

Miskien kan jy in jou vriendekring of Bybelstudiegroep besin oor hoe julle 'n bydrae kan lewer om honger in ons sonskynland te help aanspreek.

7. Gedagte vir die dag: Wees 'n voorbeeld vir ander

"Wees 'n voorbeeld vir alle gelowiges deur wat jy leer, in die manier waarop jy lewe, in jou liefde, jou geloof en jou integriteit." (1 Timoteus 4:12)

Skrifgedeelte
1 Timoteus 4:12 (*NLV*)

Oordenking
Mense sê soms: "As jy nie 'n goeie voorbeeld kan wees nie, wees ten minste 'n verskriklike waarskuwing!" of "Moenie doen wat ek doen nie, doen wat ek sê!" Ja, in baie gevalle word dit grappig bedoel, maar hoe kan ek iets van iemand verwag wat ek

nie bereid is om self te doen nie? Dit kan mos nie reg wees nie, want dit sal beteken dat ek vals is, 'n waarskuwing hoe ander mense nie moet lewe nie.

As ek 'n volgeling van Jesus is, roep Hy my om elke dag te leef gevul met sy liefde en diensbaarheid. Ek moet sy voorbeeld volg in alles wat ek doen en sê. Ek het nooit die luukse om te doen en te leef soos ek wil en dan agter my swakhede en foute te skuil nie.

Nee, ek moet verantwoordbaar wees aan die Here wie se las lig is. En ek weet Hy is altyd daar om my te help en sterk te maak.

8. **ToekomsVenster: Wat dan is die sin van alles?**

"In die begin het God die hemel en die aarde geskep." – Genesis 1:1 (AFR83)

Ek kyk na die eerste paar minute van 'n wetenskapsfiksiereeks op Netflix. Ek verloor sommer gou belangstelling, maar iets wat gebeur en gesê word kom by my tuis.

Onthou, dit is net fiksie.

Een wetenskaplike sit voor sy rekenaar, en 'n mens kan sien hy is oorweldig deur dit wat hy sien. 'n Tweede kom die vertrek binne en vra wat verkeerd is. "Alles wat ons gedink en geglo het met betrekking tot die wetenskap en die ontstaan van die aarde is verkeerd. Ons het dit heeltemal verkeerd gehad en bevind ons nou in 'n lugleegte van desperaatheid," is min of meer wat hy deel.

Die ander wetenskaplike, 'n vrou, vra: "En God? Enige bewys en aanduiding dat Hy bestaan?" "Nee," kom die antwoord, "daar is helaas ook geen God nie."

Dan vra sy: "So wat bly dan oor?" Sy stap weg van die gesprek en neem haar eie lewe.

Sonder God, wat is daar?

Dit is so 'n belangrike vraag en die relevansie daarvan bly by 'n mens.

Oënskynlik is daar mense wat sonder God kan klaarkom.

Niemand weet tog wat in die diepste van 'n mens se psige gebeur nie. Miskien gee hulle net voor, hoe sal ons weet? Op 'n afstand lyk dit egter asof hulle die bestaan van God volledig ontken, en sou Hy bestaan, hul onafhanklikheid van Hom verklaar het.

Ek kan myself dié manier van lewe nie indink nie. Die lewe is wonderlik, moet my nie misverstaan nie. Ek is nie depressief, moedeloos of onder in die hart van die spiraal van hopeloosheid waarna ons hierdie week verwys het nie. Maar as God uit die vergelyking gehaal word, weet ek nie wat sin gee nie.

Net vir nou hier op aarde? Watter sin het dit?

Swaarkry en uitdagings op 'n daaglikse basis moet hanteer word, en dan sterf jy, watter sin het dit?

Lief raak vir mense, veral hulle naaste aan jou, 'n paar trane stort as hulle te sterwe kom en dan is daar net niks verder om te sê nie, watter sin het dit?

Begrawe of veras en die res word deel van die natuur, watter sin het dit?

As God nie daar is nie, *what else is there*?

Maar nou is Hy daar!

Hoe weet ek dit?

Die getuienis wat ek in my hart ronddra.

Die bonatuurlike sekerheid dat Hy inderdaad bestaan en omgee.

Die verwagting op die ewigheid en die nuwe lewe wat volledig sal aanbreek.

Die liefde wat Hy vir my het en die wyse waarop Hy dit aan die kruis vergestalt het.

As God nie daar is nie, watter sin het alles?

Maar nou is Hy daar, werksaam in ons lewens en in ons wêreld.

Skep moed!

9. **Gedagte vir die dag: Gee van jouself**

“In alles het ek vir julle ’n voorbeeld gestel dat ons só hard moet werk dat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus: ‘Dit is meer geseënd om te gee as om te ontvang.’” (Handelinge 20:35)

Skrifgedeelte
Handelinge 20:35

Oordenking
Gee iets van jouself weg: ’n kosbare paar minute, ’n paar rand, ’n geskenk, klere, ’n kuiertjie by iemand wat eensaam is, ’n gebed, ’n ondersteunende hand op iemand se skouer, ’n oor wat luister. Paulus herhaal hier wat Jesus gesê het: Om te gee maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang. Jy kan dit gerus glo en doen. Jesus is vir ons die perfekte voorbeeld van gee. Hy het alles gegee. Hy het sy eie lewe as ’n geskenk vir ons gegee.

Om te gee bring jou lewe in ooreenstemming met die evangelie. Dan leef jy volgens die basiese leerstellings van God se koninkryk. In hierdie wêreld wil almal soveel moontlik ontvang. In God se wêreld gee mense ’n deel van hulleself. Hoe meer hulle gee sonder om iets terug te verwag, hoe meer hemelse vreugde is daar op aarde. Om van jouself te gee is om God se karakter in jou lewe te openbaar.

10. Gedagte vir die dag: Onvoorwaardelike liefde

“Kyk net hoe ’n groot liefde die Vader aan ons betoon het. Dit is dat Hý ons sy kinders noem, en ons is dit beslis ook.” (1 Johannes 3:1)

Skrifgedeelte
1 Johannes 3:1

Oordenking
In sy boek *What’s So Amazing About Grace* sê Philip Yancey daar is niks wat ons kan doen wat kan maak dat God ons minder sal liefhê nie, en daar is niks wat ons kan doen wat kan maak dat God ons liewer sal hê nie. Hy het ons ongeag enigiets lief. God het ons lief. Hy het ons lief ten spyte van wie en wat ons is. God se wonderlike liefde hang nie af van ons prestasies nie; Hy kyk nie wie het die meeste vir Hom gedoen nie. Hy is nie liewer vir ons wanneer ons gehoorsaam is en minder lief vir ons wanneer ons misluk nie.

God is ons Vader. Dit is hoekom sy liefde vir ons ’n konstante realiteit is. God sorg vir ons en het ons lief as gevolg van genade. Genade is ’n Goddelike werkwoord, en daarom is genade ook ’n rus-woord vir my en jou. Hou op hardloop. Gaan rus in God se arms. Hy sal die res doen. Hy het jou lief.

11. Gedagte vir die dag: Goddelike genade

“Wees vriendelik met mekaar. Gee vir mekaar om. Vergewe mekaar soos God julle vergewe het op grond van wat Christus gedoen het.” (Efesiërs 4:32)

Skrifgedeelte
Efesiërs 4:32

Oordenking
Die genadehart van Jesus klop warm vir sy sondige kinders vandag. Dié wat ’n rooi kaart van die godsdienstige leiers ontvang het, is aan die bopunt van sy genadelys.

Dink maar aan die sondige vrou in Lukas 7. Sy het haar trane van Jesus se voete afgevee met haar hare, nadat sy ongenooid by ’n ete ingebars het waar Jesus die eregas was. Terwyl die vromes van verontwaardiging gestik het oor die feit dat Jesus haar sonde vergewe het, het sy die mooiste woorde ooit gehoor: “Jou geloof het jou gered; gaan in vrede.” Geen wonder die godsdienstige leiers het Jesus laat doodmaak nie. Hulle kon dit nie verdra dat Jesus God se goedheid sommerso vir mense soos sy gegee het nie.

Die genade wat Jesus gee is nie goedkoop nie – dit is heeltemal gratis. Maar dit is presies hoe Jesus is, selfs vandag nog. Jy is altyd welkom in sy teenwoordigheid, ongeag hoe ver jy geval het. Sy hemelse genade is altyd vir jou beskikbaar. Jy moet net vra.

12. ToekomsVenster: Gegiet in God se beeld

“Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens ’n lewende wese geword het.” – Genesis 2:7

Wat beteken dit om mens te wees? Is dit een van die vanselfsprekendhede waarvan ons verlede week gepraat het? Het die voorreg, die wonder, die eenmaligheid, die gawe van menswees, vergete geraak in my gedagteswêreld?

Op ’n dag dink God by Homself. “Ek het soveel interessante goed geskep, maar wil tog nog iets spesiaal doen. Ek gaan beelde van myself maak, items wat soos Ek lyk.”

Goed, ek parafraseer nou ’n bietjie, maar bly by my.

Wanneer ’n mens iets wil maak, gebruik jy ’n vorm. Wat jy as gietstof gebruik (bv. gips) word hard en die voorwerp wat na vore tree is ’n weerspieëling van die vorm wat jy gebruik het.

God besluit toe dat Hy Homself as vorm gaan gebruik. Hy maak modder aan en giet dit in hierdie Goddelike vorm. Met verdrag word die modder droog en siedaar, daar lê iets wat net soos God lyk, maar dis leweloos.

“Nee,” redeneer God by Homself, “ek wil verder gaan. Die ding moet lewe”.

God trek die lewelose beeld nader en blaas soos wanneer ’n mens iemand mond-tot-mond-asemhaling gee, asem in sy neus.

Die iets wat God gemaak het, begin reageer, beweeg.

Dit strek soos iemand wat lank geslaap het.

Die iets se oë gaan oop en dit reageer op klank.

Die iets se mond gaan oop en daar kom klank uit.

God begin by die ABC en leer die iets, wat Hy nou mens noem, die ABC.

God stel Homself aan die mens voor en verklaar sy ingenomendheid met wat Hy gemaak het.

“Jy is soos Ek,” sê God.

Is dit nie merkwaardig nie?

“Jy is nie Ek nie, jy is soos Ek. Jy moet jou plek ken, maar jy hoef my nie te vrees nie. Ek het jou gemaak en ek sal vir jou sorg.

“Ek maak selfs ’n maat wat by jou pas. Lewe vir my”.

Waar kom die mens vandaan en waaraan herinner die verhaal ons?

Waartoe roep die gebeure ons as dit nie tot diepe dankbaarheid, verwondering en toewyding is nie?